Die leë plek: 'n Genologiese onderskeiding*

Nancy-Anne Anderson

Opsomming

Literêre kommunikasie vind nie net deur middel van verbaal aanwesige tekstekens plaas nie, maar ook met behulp van nie-verbale tekens, oftewel leë plekke. Ten einde leë plekke op 'n onderskeidende manier te beskryf en te verklaar, word 'n verklaringsraam vanuit die semiotiese strukturalisme ontwikkel wat, enersyds, die objektiewe identifikasie van die leë plek bemoontlik, en andersyds, die informatiwiteit daarvan in terme van die genrekode meetbaar maak.

Summary

Literary communication hinges on both verbal and non-verbal signs or unfilled spaces. With a view to describing these gaps definitively and unambiguously, a frame of reference has been devised from the perspective of semiotic structuralism which not only allows for the objective identification of the gap, but also assesses its informativity in terms of the genre code.

1 Inleiding

Die literêre teks kommunikeer nie net deur middel van verbaal aanwesige tekstekens nie, maar ook met behulp van leë plekke, oftewel nie-verbale tekens. Indien dit dus die literatuurwetenskaplike se taak is om op toetsbare wyse die (historiese en logiese) wette te ekspliseer wat literêre kommunikasie reël, dan is dit ook die literatuurwetenskaplike se taak om die aard en funksie van die woordleegte objektief te beskryf en te verklaar. Tot dusver bestaan egter slegs dubbelsinnige en nie-onderskeidende karakteriserings van die leë plek, iets wat wetenskaplik gesproke uiteraard onproduktief is.

Enkele verwysings na uiteenlopende teksverskynsels wat as sogenaamde oop plekke geïdentifiseer word, illustreer die omvang van die probleem: oop plekke is die resultaat van woorde se veelduidigheid (Hillis Miller 1982: 216); oop plekke word ingevul tydens die leser se hermeneutiese betrokkenheid by die teks en behels, byvoorbeeld, sy bespiegeling ten opsigte van die plotverloop of die identiteit van 'n karakter (Wimmers 1988: 128; Bouck-

aert-Ghesquiere 1981: 83); oop plekke slaan op die assosiatiewe verbande wat die leser tussen tekstekens lê (Doherty 1989: 232; Singer 1990: 472); oop plekke veronderstel "absent grammatical forms (that) refer to implied signifiers" (Moses 1989: 210).

In die lig daarvan wil ek 'n model ontwikkel wat enersyds die objektiewe identifikasie van die leë plek sal bemoontlik[1] en andersyds die meting van die leë plek se informasielading sal moontlik maak in terme van die genresisteem as primêre intertekstuele kode.

Die aangewese teoretiese kader vir dié onderneming blyk die semiotiese strukturalisme te wees. Enersyds is die leë plek as teken identifiseerbaar omdat dit as leë plek georganiseer is, en is dit literêr relevant omdat dit in literêre terme informatief is. Andersyds is die semiotiese strukturalisme ontwerp juis om die strukturering en informatiwiteit van tekens en tekensisteme te beskryf en te verklaar. In die terme van dié teoretiese raam formuleer ek vervolgens vier premisse wat die leë plek logieserwys moet beskryf en verklaar.

2 Saamgestelde hipotese

2.1 Die leë plek as informatiewe teksteken

Premis 1: As aanvaar word dat in die geval van optimale literêre kommunikasie alle tekstekens as gesemantiseer ervaar word vanweë die spanningsverhouding tussen outomatisasie en de-outomatisasie, en dat die literêre teks nie slegs uit verbale tekstekens bestaan nie, maar ook uit nie-verbale tekens, dan moet eweneens aanvaar word dat ook die sogenaamde leë plek, as teksteken, betekenisvol is.

Volgens die semiotiese strukturalisme is alle literêre tekstekens gesemantiseer danksy die relasies tussen tekens en tekensisteme, die dialektiek tussen outomatisasie en deoutomatisasie. Optimale literêre kommunikasie, in beginsel, vind plaas deur middel van gestruktureerde tekstekens en huisves nie toevallighede nie.

Leë plekke kan slegs geïdentifiseer word omdat hulle informatief is en as sodanig 'n funksie in literêre kommunikasie vervul. Indien leë plekke informatief is, dan moet aanvaar word (a) dat leë plekke as tekstekens georganiseer is, want slegs tekens wat in 'n strukturele relasie tot ander tekens en tekensisteme staan, kan betekenis kommunikeer, en (b) dat die woordleegte, danksy sy gestruktureerdheid, nie willekeurig ingevul kan word nie.

Crosman (1980: 152) identifiseer 'n woordleegte wat as georganiseerde teksteken betekenisvol is en deur die leser ingevul moet word tussen die

twee verse in Pound se "In a Station of the Metro". Dié verse hou oënskynlik nie met mekaar verband nie:

> The apparition of these faces in the crowd;
> Petals on a wet, black bough.

Digreël een roep die beeld op van gesigte in 'n skare, terwyl die beeld in digreël twee oor blomblare op 'n tak gaan. Om die twee beelde met mekaar in verband te bring, vul die leser tussen die reëls in "that reminded him", of "made him see", of "struck him with force" (Crosman 1980: 152). Die invul van die woordleegte is noodsaaklik om die beelde van digreëls een en twee te kan versoen, dit wil sê, die woordleegte is doelbewus in die teks georganiseer en dus betekenisvol.

In die lig van dié premis kan die leë plek onderskei word van Ingarden (1973: 50) se sogenaamde *Unbestimmtheitsstellen* wat toegeskryf word aan die intensionele aard van literatuur, met ander woorde, sonder ekwivalent in die wêreld van empiriese objekte. Die resultaat hiervan is dat *Unbestimmtheitsstellen* ingevul word wanneer die (goeie begrip van die) leser die (halwe woord van die) teks konkretiseer, dit wil sê, die leser vul in "the aspect of the portrayed object which is not specifically determined by the text" (Ingarden 1973: 50).

Volgens Ingarden (1973: 241): kan die leser nie alle *Unbestimmtheitsstellen* (volledig) invul nie en is dit ook nie noodsaaklik nie; sal nie twee lesers die literêre teks op presies dieselfde manier konkretiseer nie; is dit moontlik om doelbewus nie die *Unbestimmtheitsstellen* in te vul nie. Dus, wat Ingarden as *Unbestimmtheitsstellen* beskryf, kan nie as georganiseerde, en daarom nie as spesifiek literêr informatiewe tekstekens beskou word nie.

2.2 Die leë plek: Teken met 'n verbaal afwesige betekenaar

Premis 2: As aanvaar word dat die leë plek 'n betekenisvolle afwesigheid in die teks is, dan moet eweneens aanvaar word dat die leë plek 'n binêre teken is waarvan die betekenaar verbaal afwesig maar struktureel aktief is, en 'n betekende impliseer.

As mens aanvaar dat die leë plek as teken in die teks funksioneer, dan moet jy aanvaar dat ook dié teken binêr van aard is en uit betekenaar en betekende bestaan. Terwyl binariteit by taaltekens 'n verbaal aanwesige betekenaar behels waaraan 'n betekende toegeken word, bestaan die woordleegte juis uit 'n verbaal afwesige betekenaar wat wel betekenis kommunikeer - vandaar die benaming leë plek of woordleegte.[2]

Die unieke tekenaard van die woordleegte het tot gevolg dat die leesproses

reeds op die linguistiese vlak ge-deoutomatiseer word. Tydens die geoutomatiseerde leesproses ken die leser 'n betekende aan die fisies aanwesige betekenaar toe, terwyl die aanwesigheid en strukturering van 'n leë plek juis die leser betrek om self die betekenaar wat verbaal afwesig is aan te bring in die teks.

Aan die hand van die kriterium dat 'n leë plek 'n verbaal afwesige betekenaar veronderstel, kan vervolgens vasgestel word of die sogenaamde oop of leë plekke wat verskeie ondersoekers so geredelik identifiseer, wel woordleegtes is al dan nie. Ek volstaan met enkele voorbeelde van elk.

2.2.1 Die leë plek wat 'n verbaal afwesige betekenaar impliseer

2.2.1.1 Die minus-meganisme

Strydom (1991: 110-113) - na aanleiding van die teksverskynsels wat Lotman (1977: 51) minus-meganismes noem, dit wil sê, "cases where the non-utilization of some element, its meaningful absence, 'minus device', becomes an organic part of the graphically fixed text" - toon aan dat die poësieteks se interstrofiese wit as minus-meganisme ook narratief en dramaties kan funksioneer. Empiriese steun vind hy onder meer in die geïmpliseerde tydsverloop tussen strofes van Keats se "To Autumn" wat 'n narratiewe aanwesigheid verraai, en in debatspoësie waar die interstrofiese ruimte ook dramaties kan funksioneer, as teken van onder meer wisselende sprekers, perspektiewe en deiktiese oriëntasies.

Die effek op die leser van sodanige minus-meganisme of leë plek, is verhoogde onsekerheid (Iser 1978: 209). Kent snap tereg dat die berekende onsekerheid waarmee die literêre teks die leser laat, tot groter informatiwiteit lei:

> ... since information is a measure of one's freedom of choice in selecting a message, it follows that information is also a measure of the probable occurrence of a specific event, and the lower the probability that a certain event will occur, the greater the uncertainty and information.
>
> (Kent 1986: 61)

Die minus-meganisme het met ander woorde tot gevolg dat voorspelbaarhede en waarskynlikhede vir die leser afneem, en as sodanig gepaard gaan met meer betekenismoontlikhede en dus groter informatiwiteit. Die leser se verwagting word ge-deoutomatiseer deur die minus-meganisme in die teks.

2.2.1.2 Die leë plek tussen tekstuele perspektiewe

Iser wys op die aanwesigheid van sogenaamde "Leerstellen" in die teks wat die leser kreatief by die leesproses betrek: "gaps, negations, blanks and hidden implications are the dynamic elements of the literary text" (Brinker 1980: 204). Die funksionering van "blanks" in die literêre teks beskryf hy soos volg:

> The blanks leave open the connection between textual perspectives, and so spur the reader into coordinating these perspectives and patterns - in other words, they induce the reader to perform basic operations *within* the text.
>
> (Iser 1989: 34)

'n "Blank" kom dus tussen tekssegmente voor en inisieer die aaneenskakeling daarvan deur die leser. Hieruit kan afgelei word dat die "blank" inderdaad 'n afwesige betekenaar veronderstel wat struktureel aktief is.

2.2.1.3 Grafiese tekens

Grafiese tekens kan in die literêre teks as substitute vir verbale betekenaars optree en só as woordleegtes funksioneer. Volgens Fischer-Lichte (1984) kan grafiese tekens onder meer na emosies, menings en gemoedstoestande verwys; dit is dus 'n betekenisvolle afwesigheid wat ingevul moet word. Dit word bevestig deur Bassoff wat betekenis toeken aan die tipografiese wit in Robbe-Grillet se *The Voyeur*:

> The typographical blanks between its three sections are signals for something unknown having taken place. These hiatuses undermine the integrity of the story, call into question our assumption about the sequence of events we have witnessed.
>
> (Bassoff 1975: 103)

Weer eens dus: die leë plek wat deoutomatiserend en veelseggend funksioneer.

2.2.2 Die sogenaamde leë plek wat nie 'n verbaal afwesige betekenaar veronderstel nie

2.2.2.1 Teenstrydige inligting

Koopman-Thurlings (1984-85) identifiseer 'n oop plek in Fielding se *Joseph Andrews* as resultaat van die teenstrydige inligting wat aan die leser

gekommunikeer word. Met die beskrywing van Fanny - 'n gepunte onderlip, oneweredige tande, 'n pokkemerk - nog in gedagte, is die leser verbaas as hy skielik moet lees hoe karakters "fixed both their Eyes and Thoughts solely on her, every one declaring he had never seen so charming a Creature". As gevolg van dié teenstrydige inligting ontstaan 'n oop plek, aldus Koopman-Thurlings (1984-85: 401). Sodanige gevalle impliseer egter nie verbaal afwesige betekenaars wat deur die leser verskaf moet word nie, maar aanwesige betekenaars waarvan die onderskeie betekendes mekaar weerspreek. Op grond van die kriterium wat ek hanteer, kwalifiseer dié verskynsel dus nie as 'n leë plek nie.

2.2.2.2 Polisemie

Volgens Maatje (1981: 31) lei meerduidigheid in die teks tot die aanwesigheid van oop plekke. Om dit te illustreer, verwys hy na die "polyinterpretabele claus" van Strindberg se *Die vader*, 'n naturalistiese drama.

Wanneer die ritmeester aan die einde van die drama gek is en aan beroerte sterf, kan dit op tweërlei wyse geïnterpreteer word: As die gevolg van sy vrou, Laura, se "neurotiserende machinaties" (1981: 17); as die gevolg van verwaarloosde sifilis. Beide die psigo-sosiale en die biologiese oorsake is relevant "bij de invulling van deze 'open plek' .... Er is sprake van twee interpretaties, die tegelijk moeten worden voltrokken, en die elkaar niet uitsluiten" (p. 19).

Hier is nie sprake van 'n afwesige betekenaar nie, maar wel van 'n aanwesige betekenaar met potensieel verskillende betekendes. Meerduidigheid veronderstel nie sonder meer die invul van leë plekke nie.

2.2.2.3 Nie-verbale kommunikasie

Wanneer Portch (1985) in *Literature's Silent Language: Nonverbal Communication* literêre kommunikasie wil verklaar wat nie by wyse van dialoog oorgedra word nie, prakseer hy 'n raamwerk, toegespits op sogenaamde nieverbale tekens en kodes. Hy laat egter buite rekening dat die medium waardeur literêre kommunikasie plaasvind talig is; nie-verbale kommunikasie, soos byvoorbeeld die gebare van 'n karakter, vind immers ook deur middel van verbale taaltekens plaas. Die nie-verbale kommunikasie waaroor Portch dit het, neem nie die fisieke status van die teksteken in ag nie, maar verreken bloot die aard van die konsep waarna die teken verwys. Om dus in dié verband van nie-verbale tekens en kodes te praat, is verwarrend. Portch se sogenaamde nie-verbale mededeling is beslis nie 'n leë plek in terme van my tweede premis oor die verbale afwesigheid van die teksteken nie.

2.3 Strukturering van die leë plek op die sintagmatiese en paradigmatiese as

Premis 3: As aanvaar word dat die leë plek as 'n georganiseerde, en daarom betekenisvolle, verbaal afwesige teksteken funksioneer, moet ook aanvaar word dat die leë plek, enersyds, 'n onderskeidende lokus in die lineêre tekssekwens het en dus sintagmatiese skakeling bewerkstellig, en andersyds, binne 'n bepaalde paradigma of paradigmas funksioneer en dus paradigmatiese skakeling inisieer, met ander woorde, dat die leë plek of woordleegte op toetsbare wyse in die teks geïdentifiseer kan word, want strukturering van die literêre teks geskied onvermydelik in sintagmatiese en paradigmatiese terme.

Die ordening van die literêre teks geskied op twee vlakke, naamlik, die sintagmatiese vlak wat die lineêre aaneenskakeling van tekstekens en -segmente bepaal, en die paradigmatiese vlak wat die seleksie van tekstekens en -segmente volgens die ekwivalensie-beginsel behels. Indien die woordleegte dus betekenisvol is omdat dit as georganiseerde teksteken funksioneer, dan moet dié teken juis in terme van die sintagmatiese en paradigmatiese asse gestruktureer wees.

Die lineêre aanbod van tekens het tot gevolg dat die plek wat die teken in die literêre tekskontinuum inneem, betekenisvol is. Sintagmatiese strukturering impliseer dat die woordleegte nie na willekeur op enige plek in die teks deur die leser gerealiseer kan word nie, maar dat dit 'n definitiewe lokus het. Dit beteken dat die geldigheid van die leser se prosessering van die woordleegte dus in beginsel toetsbaar is.

Danksy die ordening daarvan op die kombinasie-as, het die leë plek die potensiaal om as skakel tussen lineêr opeenvolgende tekssegmente op te tree en segmentering te semantiseer.[3] Enersyds bemoontlik die segmenteringsfunksie van die leë plek die onvoorspelbare opeenvolging van verbale tekssegmente wat die lesersverwagting deoutomatiseer. Andersyds beskik die leë plek terselfdertyd oor die potensiaal om as skakel te funksioneer tussen die tekssegmente wat mekaar (gevolglik) nie op 'n geoutomatiseerde wyse opvolg nie.

Op die paradigmatiese as word die relasie(s) tussen tekstekens volgens die ekwivalensie-beginsel bepaal. Dié beginsel bring mee die totstandkoming van paradigmas wat as "unified sets of variant forms of some fundamental entity" (Lotman 1976: xviii) gedefinieer kan word. Indien die woordleegte se status as betekenisdraende teken erken word, dan funksioneer die leë plek as 'n verbaal afwesige maar struktureel aktiewe lid van 'n paradigma, en dan mede-bepaal die paradigmatiese relasies die toeken van betekenis aan die woordleegte. Danksy die woordleegte se verbaal afwesige tekenaard be-

skik dit oor die potensiaal om 'n veelvoud van realisasies binne 'n bepaalde paradigma te akkommodeer, én om tegelykertyd binne verskillende paradigmas te funksioneer. Dit beteken dat die leë plek in beginsel die potensiaal het om as die mees informatiewe teksteken op te tree aangesien 'n toename in strukturele keusemoontlikhede 'n verhoging in informatiwiteit veronderstel.

Die tekenaard van die woordleegte bied aan die leser die geleentheid om self 'n verbale betekenaar in die plek van die afwesige betekenaar van die leë plek te stel, met ander woorde, al dekoderende word die leser betrek by die kodering van die teks. Die leser word toegelaat om as indiwidu een of meer betekenaars aan te bring, en as sodanig beskik die leë plek oor die potensiaal om die leser se eie ervaring te akkommodeer tydens die invul daarvan. Dit word bevestig, deur Mukařovský en Vodiča (Barnouw 1980), asook deur Eco en Martin:

> The indeterminacies of a literary text ... in their view stimulate a reader's response in the sense of an activation of his own experience, that is, an activation of potentially all the dimensions of his world.
>
> (Barnouw 1980: 214)

> The reader, on the one hand, respects the limitations set by the verbal ones, and on the other, draws on his own resources to fill in the gaps, to realize the blueprint provided by the text.
>
> (Eco 1979: 88)

> Here the individuality of the reader comes into play, and the writer has provided for it in the gaps and blanks that exist in the text.
>
> (Martin 1986: 162)

Invulling van die leë plek geskied egter nie lukraak nie, maar - soos reeds verduidelik - binne die perke van 'n bepaalde paradigma of paradigmas, danksy paradigmatiese ordening.[4]

Paradigmatiese strukturering bemoontlik a-lineêre skakeling en segmentering, dit wil sê, die woordleegte het die potensiaal om die teks in terme van die paradigmatiese koördinaat te segmenteer en skakeling te bewerkstellig.

Uit Lyle Eslinger (1987) se analise van Johannes 4, waar Jesus die Samaritaanse vrou by die put ontmoet, kan afgelei word dat die woordleegte in dié gedeelte in terme van die sintagmatiese en paradigmatiese asse georganiseer is en sowel lineêre as a-lineêre segmentering en skakeling tot gevolg het.

7. ... en Jesus vra vir haar: "Gee my 'n bietjie water om te drink."

8. Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop.

9. Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?"
Die Jode en Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.

10. Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink', sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

11. Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?

12. Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"

13. Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;

14. maar wie van die water gedrink het wat Ek hom gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."

15. Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."

16. Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen."

17. Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie." En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie'.

18. Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat."

19. Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is.

20. Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem."

21. Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op die berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.

22. Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid, want die verlossing kom uit die Jode.

23. Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.

24. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."

25. Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."

26. Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."

Eslinger identifiseer 'n breuk tussen verse 15 en 16 wanneer 'n skielike verandering van onderwerp in die gesprek tussen Jesus en die Samaritaanse vrou plaasvind. Die eerste segment gaan oor dors, water en die put; die tweede segment met Jesus se opdrag dat die vrou haar man moet gaan roep, "seems off topic and creates the disruption that divides the conversation in half" (1987: 171). Die woordleegte het dus 'n definitiewe plek op die sintagmatiese as en segmenteer die gesprek. Terselfdertyd dien dit as skakel tussen die opeenvolgende tekssegmente wat nie op 'n voorspelbare wyse bymekaar aansluit nie. Die leser moet die leë plek invul ten einde die tekssegmente op die sintagmatiese as lineêr met mekaar te verbind.

Die woordleegte se paradigmatiese ordening bepaal die invulsmoontlikhede daarvan en bemoontlik a-lineêre skakeling op tweërlei wyse. Aangesien die eerste tekssegment kenmerke van die sg. verlowingstoneeltipe vertoon, dien die woordleegte as intertekstuele skakel met ander verlowingstoneeltipes. Hoewel slegs 'n gedeeltelike herhaling van dié toneeltipe in Johannes 4 voorkom, lees die leser dit in die lig van die volledige paradigma, want, volgens Lotman (1976: xviii): "occurring forms are compared by the reader against the tacitly known full membership of the paradigm". Na die outomatisasie van die toneeltipe in die eerste segment met behulp van die verbaal aanwesige betekenaars, vind deoutomatisasie plaas wanneer die woordleegte die afwesigheid van verwagte kenmerke semantiseer en a-lineêre skakeling bewerkstellig met soortgelyke verlowingstonele in die paradigma.

Die woordleegte inisieer ook paradigmatiese skakeling met die ander kommunikasiebreuke wat so konstant in Johannes 1-3 ontstaan tussen Jesus en sy gespreksgenote, sy moeder, Nikodemus en die Jode, en waarvan die leser slegs die waarnemer is omdat dit telkens deur Jesus of 'n verteller aan hom verduidelik word. In Johannes 4 word die leser egter direk by die

kommunikasiebreuk tussen Jesus en die Samaritaanse vrou betrek as gevolg van die woordleegte.

Volgens Eslinger verwag die leser dat Jesus se ontmoeting met die Samaritaanse vrou op 'n huwelik sal uitloop, want in Johannes 3 word na hom as die bruidegom verwys en hoofstuk 4 se beskrywing van Jesus se vertrek uit Judea om 'n konfrontasie met die Fariseërs te vermy, is geskoei op die model van Moses se vlug uit Egipte. Aangesien beide Moses en Jesus tot rus kom by 'n put waar hulle 'n vrou ontmoet en Moses se ontmoeting tot 'n huwelik lei, verwag die leser dieselfde ten opsigte van Jesus se ontmoeting.

Die verandering van onderwerp gedurende die gesprek tussen Jesus en die Samaritaanse vrou deoutomatiseer die leser se verwagting ten opsigte van die opeenvolging van tekssegmente en dui op die aanwesigheid van 'n woordleegte. Dié woordleegte impliseer dus nie slegs dat die Samaritaanse vrou Jesus verkeerd verstaan het nie, maar betrek ook die leser direk omdat hy 'n ander verloop van die gesprek verwag het. Só bevind die leser hom in dieselfde posisie as die verskillende indiwidue wat in hoofstukke 1 tot 3 slagoffers was van kommunikasiebreuke. In Johannnes 4 word die kommunikasiebreuk tussen Jesus en die Samaritaanse vrou nie deur 'n verteller of Jesus self verduidelik nie, maar 'n woordleegte word gebruik om die leser direk by dié misverstand te betrek en om paradigmatiese skakeling met die vorige kommunikasiegapings te inisieer. Sodoende word die invul van dié leë plek, sowel sintagmaties as paradigmaties gesproke, kontroleerbaar.

2.4 Kodering en dekodering van die leë plek in terme van die genrekode

Premis 4: As aanvaar word dat die genrekode as koderings- en dekoderingsprinsipe in literêre kommunikasie funksioneer, dan moet ook aanvaar word dat die genrekode ten opsigte van die leë plek 'n koderings- en dekoderingsfunksie vervul, en as sodanig kan help om op toetsbare wyse die generiese informasielading van die leë plek te bepaal.

Die interaksie tussen tekens en tekensisteme maak die leë plek identifiseerbaar en bepaal die invul daarvan. Indien aanvaar word dat informatiwiteit in die literatuur ekwivalent is aan organisasie, impliseer die meervoudige kodering van 'n teken binne verskillende sisteme tegelyk 'n verhoging van die teken se informasiepotensiaal. As sodanig sou ook die informasielading van 'n woordleegte ooreenkomstig die getal kodes wees waarbinne dié teken georganiseer is, en dus in beginsel meetbaar.

Om die informatiwiteit van die leë plek objektief meetbaar te help maak, sal ek - by wyse van 'n begin - probeer om die funksionering van die

woordleegte binne slegs één intertekstuele sisteem, naamlik die genresisteem, te beskryf en te verklaar. Die genrekode funksioneer in alle gevalle van literêre kommunikasie as 'n fundamentele ordeningsprinsipe (vgl. Hartman 1989: 232; Crosman 1983: 90); dit beïnvloed die lesersverwagting (Culler 1981: 123; Gerhart 1989: 371). As sodanig sal kennis van die genresisteem die dekoderingsproses mede-bepaal, omdat daardie kennis geaktiveer word deur die teks - as dokumentasie van die koderingsproses - en deurdat die kennisname van ook ander tekensisteme gerig word deur die genrekode (Perry 1979: 45).

Die woordleegte wat binne die genrekode geaktiveer word, funksioneer as 'n minus-meganisme. Dit is immers op grond van die lesersverwagting dat die materiële afwesigheid van 'n verwagte teksteken struktureel aktief, en dus betekenisvol word. Volgens Lotman (1977: 51) is die informasielading van 'n minus-meganisme "a wholly real and measurable quantity" omdat dit in verband gebring word met 'n verwagte teken of sisteem. Teen die agtergrond van die semiotiese strukturalisme verreken ek die funksie van die woordleegte as minus-meganisme in terme van die meganismes van outomatisasie en deoutomatisasie, en sal die leë plek wat beide reëlvestiging en reëlverbreking bewerkstellig, meer informatief wees as die leë plek wat slegs outomatisasie veronderstel.

Enkele voor die hand liggende kenmerke van onderskeidelik die narratiewe, die dramatiese en die poëtiese genre word nou vermeld. Dit is nie my doel om 'n volledige opgaaf van die onderskeie genrekenmerke te probeer gee nie, nog minder om 'n genreteorie te verantwoord, maar om aan die hand van die mees algemene kenmerke die informatiwiteit van die woordleegte meetbaar te maak in terme van die genrekode. Vir dié doel benut ek die logiese onderskeidings tussen die drie genres van Strydom (1996) se genrestudie, wat daarop neerkom dat die funksies van poëtiese, narratiewe en dramatiese kommunikasie geformuleer kan word as respektiewelik die identifikasie van die leser met 'n bewussynstoestand, die demonstrasie aan die leser van geskiedenis as kognitiewe instrument, en die konfrontasie van die leser met alternatiewe keusemoontlikhede.

2.4.1 Verhaalgenre

In narratiewe kommunikasie is strukturering volgens die kombinasiebeginsel van die sintagmatiese as, primêr. Dit word gemanifesteer deur die aaneenskakeling van gebeurtenisse in 'n tydruimtelike kontinuum. Andersyds word narratiewe kommunikasie gekenmerk deur 'n bemiddelende vertelinstansie wat tyd, ruimte, karakter en gebeurtenis organiseer ten einde 'n geskiedenis aan die leser te verhaal. Die logiese konsekwensie hiervan vir

die leë plek is: As 'n woordleegte 'n temporeel-sekwensiële verband tussen teksgebeurtenisse bewerkstellig, of 'n bemiddelingsfunksie vervul, dan het die woordleegte 'n narratiewe funksie.

2.4.2 Dramagenre

Strukturering in terme van die kombinasie-as is dominant in dramatiese kommunikasie, en wel by wyse van logiese argumentasie. Opponerende standpunte word deur karakters of karaktergroepe met gelykwaardige status teenoor mekaar gestel in 'n dialogiese taalsituasie. Dus: die leë plek met die funksie om òf verskillende perspektiewe te opponeer, òf 'n alternatiewe standpunt te impliseer, het 'n dramatiese funksie.

2.4.3 Poësiegenre

Kenmerkend van die poësiegenre is die kommunikasie van 'n gemoedstoestand, 'n statiese tyd- en ruimteaanbod en 'n monologiese taalsituasie. Dus: as die woordleegte 'n gemoedstoestand in terme van 'n statiese tyd- en ruimteaanbod en deur middel van 'n monologiese taalsituasie kommunikeer, dan vervul die leë plek 'n poëtiese funksie.

Aangesien poëtiese kommunikasie prinsipieel in terme van die paradigmatiese beginsel gestruktureer is en daarom deur herhaling gekenmerk word, het die woordleegte wat a-lineêre segmentering bewerkstellig en tekssegmente in terme van ekwivalensie skakel, 'n poëtiese funksie. Net so sal die leë plek wat lineêre skakeling bewerkstellig 'n narratiewe en/of dramatiese funksie hê, want lineêre skakeling is die resultaat van sintagmatiese ordening wat dominant is in die narratiewe en dramagenres.

3 Operasionalisering en toetsing

Uiteraard is dit noodsaaklik om die geldigheid en produktiwiteit van die verklaringsraam te toets. Aan die hand van waarnemings uitgespreek in bestaande publikasies oor 'n afgebakende werklikheidsdomein, te wete sluiting in onderskeidelik poëtiese, dramatiese en narratiewe kommunikasie, word die resultate getoets wat die verklaringsraam behoort op te lewer, dit wil sê, die objektiewe identifikasie van die leë plek en die objektiewe meting van die generiese informasielading daarvan.[5]

Aangesien 'n teoretiese veronderstelling op 'n gestandaardiseerde manier toegepas kan word eers ná operasionalisering, dit wil sê, "eers nadat geëkspliseer is watter prosedures die veralgemening meetbaar sal maak in

empiriese terme" (Strydom 1986: 18), word die premisse van my verklaringsraam vervolgens in 'n reeks vrae omskryf.

Vraag 1: Is die leë plek as teksteken georganiseer en dus betekenisvol?

Vraag 2: Is daar sprake van 'n verbaal afwesige betekenaar wat inligting kommunikeer?

Vraag 3: Waar en hoe funksioneer die woordleegte op die paradigmatiese en/of sintagmatiese as? Word tekssegmente sintagmaties en/of paradigmaties geskakel danksy die woordleegte?

Vraag 4: In hoeverre word die leser se genreverwagting geoutomatiseer en ge-deoutomatiseer tydens die invul van die leë plek?

Vervolgens word verslag gedoen van ander ondersoekers se leesverslae oor leë plekke in tekseindes in onderskeidelik die poëtiese, die dramatiese, en die narratiewe genre.

"i was sitting in mcsorley's" - E.E. Cummings

Wanneer Cummings 'n poësieteks afsluit met 'n slotvers wat woordeliks by die openingsvers aansluit, is dit volgens Smith "one of the simplest and most effective closural devices" (1968: 256). Die teks begin met:

> i was sitting in mcsorley's. outside it was New
> York and, beautifully snowing.
>
> Inside snug and evil.

In die verloop van die teks word die kwaad beliggaam deur 'n monsteragtige dronkaard wat langs die spreker sit. Die teks sluit dan af:

> gone Darkness. it was so near to me, i ask of shad-
> ow won't you have a drink?
>
> (the eternal perpetual question)
>
> Inside snugandevil. i was sitting in mcsorley's
> It, did not answer.
>
> outside. (it was New York and beautifully, snowing ....

Volgens Smith (1968: 256) dra Cummings "the expressive qualities of anticlosure" oor deur middel van die "eternal perpetual question" wat onbeantwoord bly, die ellips en die oop parentese aan die einde van die teks. Dit impliseer dat die leser self die teks moet voltooi en die voortdurende herhaling moet realiseer van die toestand wat in die voorafgaande verse gekom-

munikeer is, dit wil sê, 'n woordleegte moet ingevul word.

Dié woordleegte is betekenisvol omdat dit gestruktureer is; dit bestaan uit 'n verbaal afwesige betekenaar wat semioties aktief is en 'n betekende veronderstel; dit het 'n plek in die teks - aan die einde van die slotvers - danksy sintagmatiese strukturering; en dit is paradigmaties bepaald: herhaling van die voorafgaande verse word geïmpliseer en behels die invul van die ewigdurende aard van die gemoedstoestand. Die leë plek se skakelfunksie blyk uit die sikliese verloop wat deur die voltooiing van die woordleegte bewerkstellig word.

Die woordleegte impliseer 'n ewigdurende herhaling van dieselfde gemoedstoestand en het in terme van die genresisteem derhalwe 'n poëtiese funksie. Die leë plek funksioneer hier dus reëlvestigend in terme van die leser se genreverwagting en lei nie tot 'n verhoging van die generiese informasielading nie.

"The Clod and the Pebble" - William Blake

In "The Clod and the Pebble" word twee alternatiewe standpunte ten opsigte van die liefde teenoor mekaar gestel:

> "Love seeketh not itself to please,
> Nor for itself hath any care,
> But for another gives its ease,
> And builds a Heaven in Hell's despair."
>
> So sung a little Clod of Clay,
> Trodden with the cattle's feet,
> But a Pebble of the brook
> Warbled out these metres meet:
>
> "Love seeketh only Self to please,
> To bind another to its delight,
> Joys in another's loss of ease,
> And builds a Hell in Heaven's despite."

Botsende standpunte, aldus Smith (1968: 251), word geopponeer "with no final assessment, no comforting integration". 'n Finale oordeel word nie aan die leser gebied nie, met die gevolg dat hy gedwing word "to 'draw his own conclusions'". Volgens Smith, "(the) implicit 'conclusion' here that, in the absence of any other, forces itself upon the reader is, in Gloucester's words, 'And that's true, too'" (p. 251).

'n Woordleegte met die funksie om die alternatiewe teenoor mekaar te stel, kom dus tussen digreëls twee en drie van strofe twee voor; die leë plek

het dus 'n dramatiese funksie en konfronteer die leser met (die afwesigheid van 'n keuse tussen) botsende moontlikhede. Dié leë plek voldoen aan die kriteria van die ondersoekraam, want dit is informatief danksy teksordening; dit bestaan uit 'n nie-verbale teken wat die leser met alternatiewe konfronteer en wat dus struktureel aktief is; dit het 'n plek op die sintagmatiese as; dit is paradigmaties georden en bring mee dat die leser moet kies tussen botsende alternatiewe rakende die aard van die liefde.

'n Styging in die informasielading van die leë plek kan toegeskryf word aan die dramatiese funksie van die woordleegte wat die poëtiese lesersverwagting deoutomatiseer.

Der gute Mensch von Sezuan - B. Brecht

In Brecht se *Der gute Mensch von Sezuan* word die beginsel van drama, om die leser met alternatiewe te konfronteer, in die slot uitgebuit en gesemantiseer om ideologiese kommentaar te lewer.[6]

Der gute Mensch von Sezuan eindig met die gode wat op 'n pienk wolk hemel toe vlug, omdat hulle nie die konflik tussen hul etiese verantwoordelikheid en die vermoë om te oorleef in die wêreld kan oplos nie. Dié onopgeloste konflik word eksplisiet deur die spreker van die epiloog gestel:

> Your're thinking, aren't you, that this is no right
> Conclusion to the play you've seen tonight?
> ...
> We feel deflated too. We are nettled
> To see the curtain come down and nothing settled.

Pfister (1988: 97) beskryf die einde van dié drama as "an ending that, in failing to supply a resolution, delegates the responsibility for this to the audience". Hoewel die leser met die onopgeloste konflik gekonfronteer word, word hy of sy deur die teks gelei om die woordleegte in te vul:

> (The) audience, to whom the problem has been delegated, is not condemned to helplessness, but is invited, on the basis of implicit interpretative signals from the author, to criticise the system that has created this dilemma in the first place.
> (Pfister 1988: 97)

Die drama eindig met die onopgeloste konflik tussen twee standpunte, naamlik etiese verantwoordelikheid en oorlewingstryd. Hoewel 'n bemiddelingsfiguur die drama besluit (deoutomatiserend dus ten opsigte van die drama), vestig hy die leser of toeskouer se aandag juis op die onopgeloste probleem. Die dramatiese funksie van die woordleegte om die leser met

botsende alternatiewe te konfronteer, moet egter volgens Pfister veroordeel word; die leser moet die sisteem kritiseer wat hom konfronteer met die dilemma van 'n keuse tussen moontlikhede wat nie opponerend behoort te wees nie.

Overgeset synde: Die woordleegte aan die einde van die teks is informatief omdat dit gestruktureer is en daarom voldoen aan die eerste vereiste van die ondersoekmetode. In ooreenstemming met die daaropvolgende kriteria bestaan die leë plek uit 'n verbaal afwesige betekenaar wat struktureel aktief is en het die woordleegte 'n plek op die sintagmatiese as, naamlik, aan die einde van die teks. Die leser kan nie sommer enige betekenis aan die leë plek toeken nie danksy die paradigmatiese strukturering; die woordleegte kommunikeer 'n botsing tussen alternatiewe en word ingevul met kritiek teen die ideologiese sisteem wat die dilemma, die onopgeloste konflik, by die leser veroorsaak.

Die aanwesigheid van die woordleegte lei enersyds daartoe dat die leser self tussen die alternatiewe van etiese verantwoordelikheid en oorlewingstryd moet kies, dit wil sê, die leë plek het 'n dramatiese funksie, en andersyds vul die leser die woordleegte in met kritiek teen die sisteem, dit wil sê, die leë plek funksioneer in terme van die ideologiese kode. Die informasielading van die leë plek as ideologie kan egter nie met my instrument gemeet word nie, want slegs die generiese informasiepotensiaal word deur middel van die model eksplisiet gemaak. In terme van die genresisteem funksioneer die woordleegte hier reëlvestigend.

Pygmalion - G.B. Shaw

Aan die hand van my model sal die uiteenlopende tekseindes van Pygmalion soos deur Cassirer (1983) geanaliseer, ondersoek word.

Pygmalion eindig soos volg:

> *Mrs Higgins.* The carriage is waiting, Eliza. Are you ready?
> *Liza.* Quite. Is the Professor coming?
> *Mrs Higgins.* Certainly not. He can't behave himself in church. He makes remarks out loud all the time on the clergyman's pronunciation.
> *Liza.* Then I shall not see you again, Professor. Goodbye. *(She goes to the door).*
> *Mrs Higgins. (coming to Higgins)* Goodbye, dear.
> *Higgins.* Goodbye, mother. *(He is about to kiss her, when he recollects something).* Oh, by the way, Eliza, order a ham and a Stilton cheese, will you? And buy me a pair of reindeer gloves, number eights, and a tie to match that new suit of mine, at Eale & Binman's. You can choose the color. *(His cheerful, careless, vigorous voice shows that he is incorrigible).*

> *Liza (disdainfully)* Buy them yourself. *(She sweeps out).*
> *Mrs Higgins*. I'm afraid you've spoiled that girl, Henry. But never mind, dear: I'll buy you the tie and gloves.
> *Higgins (sunnily)* Oh, don't bother. She'll buy 'em all right enough. Goodbye. *They kiss, Mrs Higgins runs out. Higgins, left alone, rattles his cash in his pocket; chuckles; and disports himself in a highly self-satisfied manner.*

Volgens Cassirer (1983: 77) word dié oop einde deur die leser as "a stimulus and a challenge" ervaar. In terme van die ondersoekraam kom daar 'n leë plek tussen die standpunte van Eliza en Higgins voor: die botsende perspektiewe word deur middel van 'n woordleegte gejukstaponeer en die leser moet 'n keuse uitoefen, dit wil sê, die woordleegte het 'n dramatiese funksie. Die leser moet self oordeel of hy of sy 'n moontlike verhouding tussen Eliza en Higgins in die vooruitsig stel, en of hy of sy 'n permanente skeiding voorsien. Die leë plek is as sodanig gestruktureer in die teks en daarom betekenisvol; dit bestaan uit 'n verbaal afwesige betekenaar; dit het 'n plek op die sintagmatiese en paradigmatiese asse: as gevolg van die woordleegte tussen die karakters se opponerende perspektiewe moet die leser 'n keuse maak.

In die lig hiervan sou 'n addisionele toneel aan die einde, waar Eliza na Wimpole Street teruggaan en Higgins haar met "Eliza, where the devil are my slippers?" begroet, nie meer aan die leser die keuse laat om die alternatiewe te oorweeg nie. Só 'n toneel behels die eensydige invul van die leë plek. Cassirer meen dié slottoneel, wat die filmweergawe van *Pygmalion* beëindig,

> seems less open than the original one, and naturally involves a first step toward a happy ending - in the sense of the relationship between the two main characters developing in a romantic or erotic direction.
>
> (Cassirer 1983: 77)

In 'n latere uitgawe van *Pygmalion* beëindig Shaw self die teks met die moontlikheid dat Eliza met Freddy kan trou:

> *Liza (disdainfully)* Number eights are too small for you if you want them lined with lamb's wool. You have three new ties that you have forgotten in the drawer of your washstand. Colonel Pickering prefers double Gloucester to Stilton; and you don't notice the difference. I telephoned Mrs Pearce this morning not to forget the ham. What you are to do without me I cannot imagine. *(She sweeps out).*
> *Mrs Higgins*. I'm afraid you've spoilt that girl, Henry. I should be uneasy about you and her if she were less fond of Colonel Pickering.
> *Higgins*. Pickering! Nonsense: she's going to marry Freddy. Ha ha! Freddy!

Freddy! Ha ha ha ha ha!!!!! *(He roars with laughter as the play ends).*

Cassirer (1983: 79) meen dat dié einde nie gepas is nie, eerstens, omdat dit nie deur die res van die drama gemotiveer word nie, en tweedens omdat Shaw met dié einde bloot sy naskrif by 'n vroeëre uitgawe van *Pygmalion* wil staaf, waarin hy beweer dat Eliza met Freddy sou trou.

Hoewel die veranderde weergawes van *Pygmalion* wel as oop eindes gekategoriseer kan word danksy die verskillende betekenismoontlikhede daarvan (Cassirer meen die leser is respektiewelik nie seker of Eliza se terugkeer tot 'n verhouding tussen haar en Higgins sal lei nie en of Eliza wel met Freddy sal trou nie), sluit dié weergawes nie met 'n woordleegte nie. Anders as in die oorspronklike einde van *Pygmalion* is hier nie sprake van 'n verbaal afwesige betekenaar wat gestruktureer en betekenisvol is nie.

Toepassing van die ondersoekmodel het gelei tot die objektiewe identifikasie van die leë plek in *Pygmalion*, en dit eweneens moontlik gemaak om te onderskei tussen die oop einde as die resultaat van 'n leë plek en van veelduidigheid.

"After the Race" - James Joyce

In die analise van tekseindes in Joyce se bundel *Dubliners*, meen Sonja Bãsic (1991: 365) dat, hoewel die tekseindes ten opsigte van struktuur en narratiewe strategie van teks tot teks verskil, bly die funksie dieselfde, naamlik "subversion through indeterminacy". In "After the Race" is die manier waarop dagbreek aangekondig word strydig met die voorafgaande dronk en rampspoedige kaartspel. Die botsing tussen dié perspektiewe word nie deur die verteller besleg nie, maar aan die leser oorgelaat: "The narrator does not try to harmonize this dissonance. Instead, he leaves us with the image of the Hungarian standing at the door 'in a shaft of light' almost like a messenger" (p. 365). Volgens Bãsic verwys die slotsin "vaguely towards some other perhaps more meaningful world, incommensurable with the one described in the story while remaining at the same time a common remark that could have been made during a comparable scene in 'reality'" (p. 365).

Uit Bãsic se bespreking blyk dat die kaartspel in jukstaposisie gestel word met die Hongaar wat soos 'n boodskapper in die lig van dagbreek in die deur staan. Die afwesigheid van 'n verteller dwing die leser om self die botsende perspektiewe teenoor mekaar te stel en die moontlikheid van 'n positiewer wêreld of toekoms te oorweeg. Die leser moet dus die leë plek invul tussen die twee perspektiewe wat botsende alternatiewe behels.

Dié leë plek het die funksie om - by implikasie - die perspektiewe teenoor mekaar te stel, dit wil sê, in terme van die genresisteem funksioneer die

woordleegte dramaties. As resultaat van dié woordleegte is dit die leser se taak om die verskillende moontlikhede vir die narratiewe verloop van die teks te oorweeg: die leser opponeer 'n positiewer toekoms met die voortsetting van die karakters se huidige toestand.

Met behulp van die ondersoekraam word 'n woordleegte tussen die botsende alternatiewe aan die einde van "After the Race" geïdentifiseer: die leë plek is betekenisvol omdat dit in die teks georganiseer is; die woordleegte is 'n verbaal afwesige teken wat die leser met alternatiewe konfronteer, dit wil sê is struktureel aktief; danksy ordening in terme van die sintagmatiese as het die woordleegte 'n lokus op die kombinasie-as en dien die woordleegte as lineêre skakel tussen botsende perspektiewe; paradigmatiese ordening verhoed arbitrêre invulling deur die leser: die leser moet die opponerende moontlikhede ('n onveranderde teenoor 'n positiewe toekoms) opponeer om die narratiewe verloop en afsluiting te bewerkstellig.

Die leë plek konfronteer die leser met die afwesigheid van 'n finale keuse tussen botsende perspektiewe en het in terme van die genrekode 'n dramatiese funksie, dit wil sê die narratiewe lesersverwagting word gede-outomatiseer en die woordleegte se informatiwiteit word verhoog.

"That Evening Sun" - William Faulkner

In *Toward the End: Closure and Structure in the American Short Story* beskryf Gerlach (1985: 130) "That Evening Sun" as 'n "complex example of the special demands put on the reader by an open ending". Die uiteenlopende interpretasies van "That Evening Sun" kan egter toegeskryf word aan die funksionering van die woordleegte aan die einde van die teks waarvoor verskillende invulsmoontlikhede geld.

Die leser leer ken Nancy, 'n Neger wasvrou wat vir die Compson-familie werk. Sy verwag die kind van 'n witman en vrees dat haar man, Jesus, haar gaan doodmaak. Hoewel Mr Compson Jesus die huis verbied het, is Nancy te bang om alleen huis toe te gaan. Sy vrees dat Jesus haar in die laning op pad daarheen sal voorlê. Nancy beraam allerhande planne om nie alleen by haar eie huis te gaan slaap nie: sy slaap een nag by die Compson-kinders en oorreed hulle om die volgende nag saam met haar huis toe te gaan. Wanneer Candace, een van die kinders, Nancy in haar storie onderbreek omdat sy iemand hoor aankom, is sy vreesbevange. Dit is egter nie Jesus nie, maar Mr Compson wat die kinders kom haal en Nancy alleen agterlaat.

Volgens Gerlach (1985: 132) kan tussen twee leesmoontlikhede vir die verhaal onderskei word. In die eerste moontlikheid bou die verhaal op na 'n eindpunt wat nie aan die leser verskaf word nie. Die finale handeling, die verwagte moord op Nancy deur Jesus, word opgeskort. Oor die voltooiing

van die teks is daar egter nie eenstemmingheid nie. Vickery en Jim Lee meen dat Nancy se vrees aan haar verbeelding toegeskryf moet word en dat sy nie vermoor sal word nie, terwyl Nancy se dood volgens Hagopian weer onafwendbaar is. In aansluiting by dié alternatiewe is die beoordeling van Mr Compson se optrede wanneer hy Nancy alleen los in haar huis: "Without closure to complete the plot ... we cannot know whether the elder Jason Compson was reasonable" (Gerlach 1985: 130).

'n Tweede leesmoontlikheid is dat lesers nie verwag dat die teks 'n geslote einde sal hê nie en "are not required to try to trace a portion of a picture on out beyond the picture frame" (p. 130).

Gerlach integreer beide leesalternatiewe en kom tot die gevolgtrekking dat "(the) scene is filled with the reader's need to extend it (to draw inferences beyond the picture's frame) but suspended by balances of closure and anti-closure (and thus held within the frame)" (p. 142). Die leser se onsekerheid aan die einde van die teks "(puts) the reader in Nancy's position, makes the reader submit, if not to terror, at least to an unnerving irresolution" (p. 142). Dit betrek ook die leser op 'n intellektuele vlak. Dit maak nie saak of Jesus daar is of nie; "(this) is a portrait of a woman undone; this is pure fear" (p. 142). En in die laaste plek dwing die onsekerheid die leser "to consider the circumstances and significance of that terror" (p. 142). Die Compsons wat Nancy alleen los met haar vrees (of sy werklik rede daartoe het al dan nie), en Quentin wat wonder "Who will do our washing?" sou Nancy iets oorkom, dui op die kortsigtigheid wat die sosiale dilemma onderspan: "Nancy bears the cost of broken social relationships while the rest of the community, white and black, sees no complicity, sees no connection between use and degradation" (p. 143).

Gerlach se analise van tekssluiting in "That Evening Sun" oorweeg alternatiewe lesings en voltooiingsmoontlikhede. Weens die gebrek aan teoretiese apparaat kan Gerlach nie dié lesings verklaar nie. Sy gevolgtrekking dat die leser se wens om die teks te voltooi, opgehef word deur die funksionaliteit van sluiting én oop einde ("anti-closure"), is dubbelsinnig en onbevredigend. En in die lig daarvan sal juis die verklaring van die verskillende sluitingsmoontlikhede in terme van die ondersoekraam die nut van dié model bevestig.

Of die leser die handeling voltooi deur alternatiewe moontlikhede vir Nancy se toekoms te oorweeg, en of hy of sy aanvaar dat die onsekerheid aan die einde van die teks gestruktureer is ten einde identifikasie met Nancy se vrees moontlik te maak en die optrede van die mense om haar te beoordeel, dit is steeds die resultaat van die aanwesigheid van 'n leë plek met verskillende invulsmoontlikhede.

Die een groep leesverslae stel teenstrydige alternatiewe vir die invul van

die leë plek voor: Nancy gaan vermoor word teenoor Nancy verbeel haar en sal nie vermoor word nie. Dié alternatiewe kan verklaar word in terme van die generiese funksie van die woordleegte: die leë plek het 'n dramatiese funksie en konfronteer die leser met opponerende alternatiewe.

Gerlach se alternatiewe leesvoorstel dat die leser nie 'n geslote einde verwag nie en dat die leser se onsekerheid aan die einde van die teks gestruktureer is, kan ook in terme van die ondersoekraam verklaar word. Die leë plek kommunikeer 'n bewussynstoestand van onsekerheid wat identifikasie met Nancy se gemoedstoestand moontlik maak, dit wil sê, die woordleegte het 'n poëtiese funksie. Die leë plek skakel dus ook a-lineêr met die vrees en onsekerheid wat Nancy telkens ervaar.

Die invul van die leë plek ten opsigte van die alternatiewe moontlikhede vir Nancy se toekoms, het tot gevolg dat die leser 'n oordeel vel oor Mr Compson se optrede - hy laat Nancy angsbevange alleen. Dié oordeel sal ooreenkomstig die leser se keuse ten opsigte van Nancy se toekoms geskied. Tesame met die poëtiese invul van die leë plek beoordeel die leser ook die gemeenskap se aandeel in Nancy se gemoedstoestand van vrees en onsekerheid. Wat beide leesmoontlikhede betref, word die leë plek dus ook in terme van die leser se morele waardesisteem ingevul. Die informatiwiteit van die leë plek kan hier egter slegs in terme van die genrekode objektief bepaal word.

Die leë plek aan die einde van "That Evening Sun" is informatief vanweë die strukturering daarvan; die woordleegte is 'n verbaal afwesige teken wat betekenis kommunikeer; dit het 'n plek aan die einde van die teks danksy ordening op die sintagmatiese as; en die invulsmoontlikhede van die woordleegte figureer binne gestruktureerde paradigmas: die keuse tussen alternatiewe moontlikhede vir Nancy se toekoms en 'n gemoedstoestand van onsekerheid word ingevul. Genologies beskou, het dié woordleegte 'n hoë informasielading: die woordleegte het dramatiese en poëtiese funksies en deoutomatiseer dus die verhaalleser se genreverwagting.

4 Gevolgtrekking

Na afloop van (voorlopige) toetsing kom dit voor of die meetinstrument, indien dit korrek gehanteer word, as wetenskaplik geldig en produktief beskou kan word. Die model is nie gefalsifieer deur empiriese materiaal nie, en telkens het dit die objektiewe identifikasie van die woordleegte moontlik gemaak en die informasielading daarvan genologies verklaar.

* Hierdie artikel is 'n verwerking van my M.A.-verhandeling in die Algemene Literatuurwetenskap, *Die leë plek: 'n genologiese onderskeiding* (UOVS, 1992), wat voltooi is onder leiding van prof. Leon Strydom. Finansiële bystand is van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang.

Notas

1. Ook Sternberg (1985: 136-137) kritiseer byvoorbeeld die lukrake manier waarop na sogenaamde "gaps" en "blanks" verwys word. Hy meen dat kriteria ontwerp sal moet word ten einde toetsbare onderskeidings moontlik te maak tussen "gaps" ("omitted for the sake of interest") en "blanks" ("omitted for the lack of interest"). Hoewel hy temporele verplasing, oftewel 'n diskrepansie tussen die orde in die vertelling en die orde waarin gebeurtenisse plaasvind as voorwaarde vir die aanwesigheid van 'n "gap" stel, is dié kriterium egter nie dermate onderskeidend dat dit kontroleerbare identifikasie verseker nie en slegs relevant ten opsigte van "gaps" in die verhaalgenre.

2. Op grond van dié tekenaard van die woordleegte kan die informatiwiteit daarvan onderskei word van die prinsipiële onbepaaldheid wat alle verbale kommunikasie kenmerk as gevolg van die inherente onbepaaldheid van woorde (vgl. Fowler 1982: 267).

3. Aangesien formele segmentering van die literêre teks nie verpligtend is nie, impliseer addisionele segmentering soos deur die aanwesigheid van die woordleegte teweeggebring, verhoogde teksorganisasie en 'n gepaardgaande verhoging in informasiepotensiaal. Die woordleegte wat 'n segmenteringsfunksie vervul, vergroot dus die informasiepotensiaal van die literêre teks. Hoe meer segmente in die literêre teks, hetsy formeel of by wyse van 'n woordleegte teweeggebring, hoe hoër die graad van teksorganisasie en dus ook hoe groter die informasiepotensiaal.

4. Altieri se kritiek teen die radikale empirisisme se karakterisering van die leesproses as totaal subjektief geld ook vir die invul van die woordleegte: "The empiricist tends to assume that all personal experiences, all experiences which exhibit participation or involvement, are necessarily subjective and shaped by individual desires" (1978: 80), merk hy op en formuleer dan sy korrektief soos volg: "I must personally recognize a meaning, but it is not I who determines what the meaning is" (1978: 80). Net so, kan mens redeneer, is die leser se prosessering van die leë plek nie subjektief en onkontroleerbaar nie, al betrek dit sy of haar eie leefwêreld. Teksprosessering deur die outeur bly 'n voorwaarde vir teksprosessering deur die leser.

5. Ten einde objektiwiteit te verhoog, word ander ondersoekers se leesresultate in hierdie toetsingsfase gebruik. Ter wille van groter geldigheid behoort empiriese toetsing hierna te volg, waartydens die leesresultate van proefpersone die verklaringsraam se geldigheid opnuut sal bevestig of falsifieer.

6. Indien aanvaar word dat 'n oop einde meervoudige betekenismoontlikhede behels (Rowe 1988: 6) en onsekerheid by die leser teweegbring oor die afloop van die teks (Lodge 1981: 154), dan word die drama, wat die leser direk met botsende perspektiewe konfronteer (Strydom 1991: 106), prinsipieel gekenmerk deur 'n oop einde. Dié oop einde kan toegeskryf word aan die aanwesigheid van 'n leë plek: 'n woordleegte met die funksie om alternatiewe te opponeer, kom in beginsel aan die einde van die drama voor.

Verwysings

Altieri, Charles
1978 The Hermeneutics of Literary Indeterminacy: A Dissent from the New Orthodoxy. *New Literary History* X(1): 71-100.

Barnouw, Dagmar
1980 Critics in the Act of Reading. *Poetics Today* 1(4): 213-222.

Bãsic, Sonja
1991 A Book of Many Uncertainties: Joyce's *Dubliners*. *Style* 25(3): 351-377.

Bassoff, Bruce
1975 *Toward Loving: The Poetics of the Novel and the Practice of Henry Green*. Columbia: University of South Carolina Press.

Bouckaert-Ghesquiere, R.
1981 Receptie-onderzoek van jeugd- en kinderliteratuur. In: Segers, R.T. (red.) *Lezen en laten lezen*. Den Haag: Martinus Nijhoff.

Brinker, Menachem
1980 Two Phenomenologies of Reading: Ingarden and Iser on Textual Indeterminacy. *Poetics Today* 1(4): 203-212.

Cassirer, Peter
1983 What Became of Eliza Doolittle? A Case Study of the Sign in Fiction. *Semiotica* 44(1/2): 75-93.

Crosman, Inge
1983 Reference and the Reader. *Poetics Today* 4(1): 89-97.

Crosman, Robert
1980 Do Readers Make Meaning? In: Suleiman, Susan R. & Crosman, Inge (eds) *The Reader in the Text: Essays on Audience and Interpretation*. Princeton: Princeton University Press.

Culler, Jonathan
1981 *The Pursuit of Signs: Semiotics, Literature, Deconstruction*. London: Routledge & Kegan Paul.

Doherty, Gerald
1989 Shades of Difference: Tropic Transformations in James Joyce's "The Dead". *Style* 23(2): 225-237.

Eco, Umberto
1979 *The Role of the Reader: Explorations in the Semiotics of Texts*. Bloomington: Indiana University Press.

Eslinger, Lyle
1987 The Wooing of the Woman at the Well: Jesus, the Reader and Reader-Response Criticism. *Literature & Theology* 1(2): 167-183.

Fischer-Lichte, Erika
1984 The Dramatic Dialogue - Oral or Literary Communication? In: Schmid, Herta & Van Kesteren, A. (eds) *Semiotics of Drama and Theatre: New Perspectives in the Theory of Drama and Theatre*. Amsterdam: John Benjamins.

Fowler, Alistair
1982 *Kinds of Literature: An Introduction to the Theory of Genres and Modes*. Oxford: Clarendon.

Gerhart, Mary
1989 The Dilemma of the Text: How to "Belong" to a Genre. *Poetics* 18: 355-373.

Gerlach, John
1985 *Toward the End: Closure and Structure in the American Short Story*. Alabama: The University of Alabama Press.

Hartman, Geoffrey H.
1989 The Discourse of a Figure: Blake's "speak silence" in Literary History. In: Budick, Sanford & Iser, Wolfgang (eds) *Language of the Unsayable: The Play of Negativity and Literary Theory*. New York: Columbia University Press.

Hillis Miller, J.
1982 *Fiction and Repetition*. Oxford: Backwell.

Ingarden, R.
1973 *The Cognition of the Literary Work of Art*, translated by Crowley, Ruth Ann & Olson, Kenneth R. Evanston: Northwestern University Press.

Iser, Wolfgang
1978 *The Act of Reading: A Theory of Aesthetic Response*. London: Routledge & Kegan Paul.
1989 *Prospecting: From Reader Response to Literary Anthropology*. Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

Kent, Thomas
1986 *Interpretation and Genre: The Role of Generic Perception in the Study of Narrative Texts*. Lewisburg: Bucknell University Press.

Koopman-Thurlings, Mariska
1984-1985 Tekstinterpretatie en open plek: over de bruikbaarheid van Isers "Leerstellen". *Spektator* 14(6): 398-411.

Lodge, David
1981 *Working with Structuralism: Essays and Reviews on Nineteenth- and Twentieth-Century Literature*. Boston: Routledge & Kegan Paul.

Lotman, Yury
1976 *Analysis of the Poetic Text*. Ann Arbor: Ardis.
1977 *The Structure of the Artistic Text*, translated by Lenhoff, Gail & Vroom, Ronald. Ann Arbor: University of Michigan.

Maatje, Frank C.
1981 *Open plekken*. Utrecht: Bohn, Scheltema & Holkema.

Martin, Wallace
1986 *Recent Theories of Narrative*. Ithaca: Cornell University Press.

Moses, Stéphane
1989 Patterns of Negativity in Paul Celan's "The Trumpet Place". In: Budick, Sanford & Iser, Wolfgang (eds) *Language of the Unsayable: The Play of Negativity and Literary Theory*. New York: Columbia University Press.

Perry, Menakhem
1979 Literary Dynamics: How the Order of a Text Creates its Meanings (with an analysis of Faulkner's "A Rose for Emily"). *Poetics Today* 1(1/2): 35-64, 311-361.

Pfister, Manfred
1988 *The Theory and Analysis of Drama*, translated by Halliday, John. Cambridge: Cambridge University Press.

Portch, S.R.
1985 *Literature's Silent Language: Nonverbal Communication*. New York: Peter Lang.

Rowe, Joyce A.
1988 *Equivocal Endings in Classic American Novels*. Cambridge: Cambridge University Press.

Singer, Thomas, C.
1990 Riddles, Silence and Wonder: Joyce and Wittgenstein Encountering the Limits of Language. *English Literary History* 57(2): 459-484.

Smith, Barbara Herrnstein
1968 *Poetic Closure: A Study of How Poems End*. Chicago: The University of Chicago Press.

Sternberg, Meir
1985 *The Poetics of Biblical Narrative: Ideological Literature and the Drama of Reading*. Bloomington: Indiana University Press.

Strydom, Leon
1986 'n Tipologie van veralgemenings in literatuurwetenskap. *JLS/TLW* 2(3): 14-25.

1991 Strofering: funksie en betekenis. *JLS/TLW* 7(2): 101-117.

1996 Genre Distinction: A Precondition for the Scientific Analysis of Intertextuality. In: De Farro, Nadia (ed.) *Language and Literature Today.* Brasilia: UNB. *Proceedings of the XIXth Congress of the International Federation for Modern Languages and Literatures.*

Wimmers, Inge Crosman

1988 *Poetics of Reading: Approaches to the Novel.* Princeton: Princeton University Press.